Jesaja Week 24: Eindig 14 Junie https://totueer.blog/52-weke/ **Oordeel en hoop**

Oordeels profesië teen… (1-35)			Histories (36-39)	Profesië van hoop oor… (40-66)		
Juda (1-12)	Nasies (13-23)	Juda (24-35)	Histories (36-39)	Troos (40-48	Messias (49-57)	Toekoms (58-66)
Ussia 767-740vC Jotam 750-735vC	Agas 735-715vC	Hiskia 715-686vC		Sommige verklaar hierdie as ander skrywer na ballingskap and verklaar dit as profesië van Jesaja		
II Kron 26-27, I Kon 14-15	II Kron 28, I Kon 16	II Kron 29-32, I Kon 17-20				

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Jes 5	Jes 5-6
Di	Jes 13	Jes 13-14
Wo	Jes 26	Jes 26-27
Do	Jes 37	Jes 36-37
Vry	Jes 40,43	Jes 40-43
Sat	Jes 53	Jes 53-55
Son	Jes 58	Jes 58-59

Die eerste deel van die boek (1-39) gaan oor oordeel

Die eerste profesieë van Jesaja handel oor die straf as gevolg van die goddelose ooreenkomste wat Juda met Assirië (Agas se tyd) en Egipte (Hiskia se tyd) gesluit het. Ons sien ook oordeelsprofesië teen ander nasies.

In hoofstuk 40-48 voorspel Jesaja honderd en vyftig jaar vooruit nie net dat Juda in ballingskap weggevoer sou word nie, maar dat hulle uit ballingskap deur die groot Persiese koning gered sou word. Die koning word selfs by die naam genoem en sou nes Nebukadnesar 'n instrument in God se hand wees. Die basis vir die volk se hoop is God se soewereiniteit en majesteit.

In hoofstukke 49-57 kondig Jesaja die koms van die Verlosser aan vir die Jode, maar ook vir die hele mensdom. In die gedeelte staan die Messias as die Lydende Kneg uit, maar ook as die Koning wat in heerlikheid sal regeer. In hoofstuk 53 beskryf Jesaja Christus se lyding agthonderd jaar voor Hy na die aarde sou kom. Die gedeelte word keer op keer in die Nuwe Testament aangehaal en op Jesus van toepassing gemaak.

In hoofstukke 58-66 tree die Messias nie meer as lydende kneg na vore nie, maar as die Verheerlikte Messias

Memoriseervers: *Ons het almal gedwaal soos skape,ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom. (Jes 53:6)*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Jesaja se roeping (Jes 6).
Ek het die Koning gesien.
Die dood is wat ek verdien.
Ja, sondige ek is nie veilig -
God is almagtig en heilig.

Toe het ek die Here hoor vra:
“Wie sal my boodskap dra?”
“U het my van sonde bevry:
Hier is ek! Stuur vir my!”

Oordeelsuitsprake teen Juda (Jes 1-12).
‘n Bees ken sy eienaar.
Diere weet die krip is daar.
Sondige volk met skuld belaai,
julle het die rug op my gedraai.

Wanneer gaan julle verstaan?
Dis Ek wat julle so slaan:
Julle stede is verwoes,
Die lande het geen oes.

Die nasies sal ook gestraf word (Jesaja 13-23).
God het die koning se trots vermaan:
Jy is net die stok wat Ek mee slaan.
Jy is maar net my werktuig:
Voor My straf sal jy ook buig!

Ek sal net die behou,
wat net op my vertrou.
Ek sal die las van die juk,
van julle skouers af ruk.

Die uitkoms is hier (Jes 40)!

Die uitkoms is hier!
Die uitkoms is hier! (Jes 40:1)
Woorde van troos,
want jy is so broos. (Jes 40:1, 1953)

Bring vir Jerusalem die goeie tyding:
God bring vir julle bevryding!
Julle het geboet vir julle sonde.
Julle het betaal met al julle wonde. (Jes 40:2)

Soos ‘n herder sy kudde bewaar,
is hulle soos lammers ook daar:
Teen Sy bors word hulle gedra,
ook die ooie kan nie vir méér vra. (Jes 40:11)

Het jy nog nie gehoor wat is waar:
Die Here God is van ewigheid daar?
Hy bepaal die aarde se rond.
Sý insig kan jy nie deurgrond!
Maar die nasies is soos ‘n stoffie op die skaal,
daar is nie ‘n offer groot genoeg om te betaal. (Jes 40:12-16)

Hy versterk dié wat nie meer kan.
Vermoeides kry ‘n nuwe plan.
Die wat in vetroue wag,
kry by Hom nuwe krag!
Dan vlieg jy met arendsvlerk,
en word jy nie moeg van werk! (Jes 40:39-41)